higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT

# PUBLIEKREG N6

(13030136)

**14 November 2022 (X-vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 6 bladsye.**

117Q1B2214

Kopiereg voorbehou

# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
PUBLIEKREG N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A

### VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1 Die goue interpretasiereël beteken dat die uitlêer die bedoeling van die wetgewer moet bepaal.

1.2 'n Appèl is gepas as aangevoer word dat die hof die regte gevolgtrekking op grond van die feite gemaak het.

1.3 Kollektiewe arbeidsooreenkoms is 'n ooreenkoms tussen werkgewer en werknemer wat werknemers se bepalings en voorwaardes in die werksplek reël.

1.4 Delegering beteken die oordrag van bevoegdheid van 'n hoër persoon of liggaam na 'n laer persoon of liggaam.

1.5 Private individue se regte word weggeneem wanneer hulle 'n administratiefregtelike verhouding met 'n staatsorgaan aangaan.

1.6 Die premier of president het die bevoegdheid om 'n proklamasie uit te vaardig.

1.7 Buitelandse reg staan ook bekend as inheemse reg.

1.8 Legaliteitsbeginsels verbied diskriminasie teen individue.

1.9 Geregsbodes verrig dieselfde funksies as die balju's van die Hoë Hof.

1.10 Privaatreg beheer die administrasie van die staat in die algemeen.

(10 × 1) **[10]**

### VRAAG 2

Voltooi die volgende sinne deur slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (2.1–2.7) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Saaklike regte is regte met betrekking tot ... (2)

2.2 Prosesreg is deel van (a) ... en privaatreg en bepaal die (b) ... wat in 'n (c) …gevolg moet word. (6)

2.3 Konstitusionele Hof is die hoogste hof in alle ... aangeleenthede. (2)

2.4 'n ... beampte dien as hofordonnans. (2)

2.5 Kragtens internasionale reg het 'n (a) ... staat 'n (b) ... bevolking. (4)

Kopiereg voorbehou 

2.6 Administratiewe optrede moet in ... belang wees. (2)

2.7 'n Kind onder die ouderdom van 10 jaar het nie ... nie en kan nie in hegtenis geneem en vir 'n oortreding aangekla word nie. (2)
**[20]**

**VRAAG 3**

Voltooi die volgende sinne deur 'n woord of woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

| prokureur; regter; hofordonnanse; klerk van die hof |
|---|

3.1.1 Hanteer bewysstukke en dagvaardings en roep getuies.

3.1.2 Hierdie beampte is verantwoordelik vir die administratiewe funksies in die hof en benodig nie 'n regskwalifikasie nie.

3.1.3 Die kliënt moet eers hierdie persoon nader en daarna kan 'n advokaat opdrag gegee word om namens die kliënt in hoër howe te verskyn.

3.1.4 Sit voor in die hoër hof in SA en word deur die Staatspresident aangestel.

(2 × 4) (8)

3.2 Definieer die volgende terme:

(a) Eiser
(b) Verweerder
(c) Interdik
(d) Proklamasies
(e) Handelsreg
(f) Verbintenisreg

(12)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B

### VRAAG 4

4.1 Noem en verduidelik die fundamentele uitlegreël. (2 × 10) (20)

4.2 Bespreek die aanhef/voorwoord as een van die interne hulpmiddels van uitleg/interpretasie. (2 × 4) (8)

4.3 As die geregtelike beheer bevind dat die administratiewe optrede of beslissing onregmatig of prosessueel onbillik was, kan dit bepaalde bevele maak om die situasie reg te stel.

Noem daardie bevele. (2 × 4) (8)

4.4 Dit is nie moontlik vir die verkose verteenwoordigers om alle dienste self te hanteer nie. Staatsinstellings word om hierdie rede gevestig en personeel gedelegeer om as die arms van die staat te dien.

Verduidelik *delegasie*. (2 × 4) (8)

4.5 Wie is die huidige Minister van Justisie en Korrektiewe Dienste? (2 × 1) (2)

**[46]**

### VRAAG 5

5.1 Hoe kan 'n persoon weet of vasstel of 'n liggaam 'n staatsorgaan of staatsinstansie is? (2 × 10) (20)

5.2 Identifiseer en verduidelik die komponente van wetgewing as 'n bron van administratiefreg. (4 × 3) (12)

5.3 Administratiewe optrede moet redelik wees. Noem die elemente wat 'n redelike besluit of administratiewe optrede uitmaak. (12)

5.4 Noem dinge wat gedoen moet word wanneer 'n kinderhof 'n jeugdige aan misdaad skuldig bevind. (2 × 3) (6)

**[50]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 6

6.1 Bestudeer die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Dr R is 'n mediese praktisyn in 'n openbare hospitaal in Suid-Afrika. Sy daaglikse pligte sluit onder meer in om pasiënte se lewens te red deur hulle te behandel, te opereer en medikasie te gee. Op 'n dag het mnr P siek geword en is opgeneem in die saal waar dr R werk. Dr R het mnr P ondersoek en besluit om hom te opereer. Dr R het sonder verwyl met die operasie begin. Terwyl hy besig was met die operasie, het sy selfoon gelui. Hy het die operasie gestaak en die foon beantwoord. Na afloop van die oproep het hy besef dat mnr P gesterf het. Nou wil mnr P se familielede 'n eis teen dr R instel, omdat hulle hom vir sy dood blameer.

6.1.1 Watter soort eis kan deur mnr P se familielede ingestel word? (2)

6.1.2 Definieer die regsproses wat jy in VRAAG 6.1 genoem het. (2)

6.1.3 Teen wie kan die eis ingestel word en waarom moet dit teen daardie persoon ingestel word? (2 × 2) (4)

6.1.4 Noem die aspekte wat ter sprake is wanneer 'n staatsaanspreeklikheidsaak aanhangig gemaak word. (12)

6.2 Noem die voorwaardes wat die staat in 'n noodgeval in ag moet neem voordat hulle tot optrede oorgaan of oorlog verklaar. (2 × 2) (4)

6.3 Bespreek die leerstuk van skeiding van magte soos in Suid-Afrika toegepas. (2 × 3) (6)

6.4 Noem die funksies van Grondeisehof. (2 × 3) (6)

6.5 Onderskei tussen DRIE tipes delegasie. (18)

**[54]**

**TOTAAL AFDELING B: 150**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou